MAANDAG 4 MEI 2020

Terme in Letterkunde

Plak of skryf hierdie tabel in jou LETTERKUNDE BOEK en leer!

| | **Term** | **Betekenis** |
|---|---|---|
| 1 | Aksie of handeling in ‘n verhaal | Karakters doen dinge in ‘n verhaal. Dit skep die storielyn van die verhaal. |
| 2 | Fabel | In ‘n fabel is die karakters diere wat soos mense optree. Hulle kan praat en doen dinge soos mense. ‘n Fabel bevat ‘n lessie. |
| 3 | Legende | Legendes ontstaan uit geskiedenis. Dis volksverhale wat deur die jare oorvertel is. |
| 4 | Mite | Dit gaan oor bonatuurlike wesens en gode. Dit handel oor natuurlike verskynsels soos Son en Wind, Aarde ens. |
| 5 | Sprokie | Heelwat bygelowe en ongelooflike dinge gebeur. Veral feetjies, kabouters, hekse ens kom voor. Goeie oorwin bose. |
| 6 | Volksverhaal | Word deur geslagte heen opgemaak en oorvertel asof dit waar is. Altyd ‘n goeie en ‘n slegte karakter. |
| 7 | Storielyn | ‘n Reeks gebeure wat op mekaar volg vorm saam die storielyn van ‘n verhaal |
| 8 | Karakters | Die persone wat in die storie optree. Daar is gewoonlik een karakter wat belangriker as die ander is (Hoofkarakter) |
| 9 | Milieu | Die agtergrond waarin die verhaal afspeel en die agtergrond beïnvloed die optrede van die karakters. |
| 10 | Tema / boodskap | Die les of idee wat die skrywer deur die verhaal aan die leser wil oordra |